# Deel 13 - 30 September 2022 - Profetiese betekenis van die opwekking van die weduwee se seun

***Profetiese boodskap deur Bertha Dudde op 29/10/59***

Beskerming deur engele in die geloofstryd –

7440 **Tallose engele sal julle bystaan in hierdie laaste stryd op aarde**. Julle hoef nie te vrees wanneer hierdie stryd ontbrand nie, want julle sal die **krag ontvang** om weerstand te kan bied wat van julle almal in hierdie stryd geëis word. Julle sal My trou kan bly, omdat julle innerlik so met krag vervul sal wees, dat julle in geen geval die slagoffer sal word van die aanvalle van die vyande nie. Ek weet dat julle wil na My toegekeer is en **daarom sal Ek julle My engele stuur as beskerming**. En dit sal heel duidelik deur julle opgemerk word.

Dit sal 'n moeilike stryd wees, want dit word deur My teenstander brutaal en met fanatieke ywer gevoer. Maar tog sal julle dit nie so gewaarword nie, omdat julle **vervul sal wees met die Gees**, **wanneer hierdie aksies begin**. Hulle rig hulleself teen die mense wat in My glo en My daarom ook openlik bely in JaHshua die Messias. En hierdie moed om My te bely sal nog toeneem, want met elke nuwe belydenis sal julle met **steeds meer krag vervul word**. Want Ek sal My dan duidelik laat ken deur My Gees, Wie elkeen sal vervul wat My bely voor die wêreld.

Die wat Myne is, sal weet welke uur geslaan het en sal dan ook daagliks My koms verwag. En dit gee hul ook weer die krag om vol te hou en geen ag te slaan op die probleme nie. Want steeds weer sal Ek julle hulp toestuur en **ook My engele sal julle beskerm teen die aanvalle van die vyand**. En solank My engele julle bystaan, sal julle sonder gevaar wees. Want hulle vervul altyd My wil en vind hul saligheid daarin om My en julle te mag dien.

Dit sal binnekort so ver wees dat die Antichris homself sal openbaar. Julle vermoed nie van watter kant hy sal kom nie, **maar dit sal vir julle almal 'n verrassing wees**. Dan sal ook die tekens egter so ooglopend wees, dat daar vir julle geen vergissing meer moontlik is nie. **Julle sal hom so duidelik herken** dat julle julleself sal kan bewapen teen sy voornemens. **Maar voor dit sal Ek nog Self spreek uit die Hoogte.** Julle moet ook weet dat julle missie nog nie ten einde geloop het nie en dat **julle ook hierdie tyd sal moet meemaak**. Maar julle sal ook die krag daartoe van My ontvang om stand te kan hou in die laaste stryd op hierdie aarde.

En wie Ek met hierdie Woorde wil aanspreek, sal dit ook gewaarword, want Ek sorg vir julle wanneer julle My wil dien. Ek het julle nodig in die laaste geloofstryd en in daardie tyd waarin dit sal gaan om **die laaste beslissing**. Ek het julle nodig om deur julle, vir julle medemens opheldering te gee oor wat Ek van hulle verlang. Dat hulle moet **standhou** en nie verontrus hoef te wees nie, as hulle aan My wil behoort en My wil vervul. **En as hulle luister na julle**, sal hulle ook moed kry en weerstand kan bied. Dan sal My teenstander geen sukses hê nie en moet hy hulle met rus laat, **want My engele beskerm elke mens wat aan My wil behoort**.

Die stryd sal ontbrand, nie alleen teen die afsonderlike gelowige mens nie, maar teen **alles wat geestelik georiënteerd is.** En al diegene wat 'n geloof besit wat lewend is en aan die **deur My gegrondvesde kerk behoort**, sal die stryd ook seëvierend deurstaan. Want hulle sal stry onder **My banier** en sal gelei en beskerm word deur 'n **leër van onsigbare stryders**. Hulle sal My in geregtigheid dien totdat die dag sal kom wat Ek Myne sal bevry uit nood en ellende. **Tot die dag aangebreek het van die oordeel,** wat 'n einde gaan maak aan alle aardse en geestelike stryd. Amein.

## Openbaring 3

7 En skryf aan die boodskapper van die **gemeente in Filadelfía**: Dít sê die Aparte Een, die Ware Een, wat die **sleutel van Dawid** het, wat oopmaak en niemand sluit nie, en Hy sluit en niemand maak oop nie: [JeshaJaH 22:22]

8 Ek ken jou werke. Kyk, Ek het voor jou 'n geopende deur gegee, en niemand kan haar sluit nie, want jy het **min krag** en jy het **My Woorde onderhou en nie teen My Naam getuig nie**. [JeHóWganan 10:7]

9 Kyk, Ek gee jou uit die vergadering van die Satan, van die wat sê dat hulle manne van JeHûWdah is en dit nie is nie, maar lieg - Ek sal maak dat hulle kom en voor jou voete neerbuig en erken dat Ek jou liefgehad het. [2 Konings 2:15; Boekrol van die Opregte 51:18; Psalm 129:5]

10 Omdat jy die Woord van My lydsaamheid bewaar het, **sal Ek jou ook bewaar in die uur van beproewing wat oor die hele wêreld kom** om die bewoners van die Aarde op die proef te stel.

11 Kyk, Ek kom gou! Hou vas wat jy het, sodat niemand jou **Kroon** kan neem nie. [JeshaJaH 22:23]

12 Wie oorwin, Ek sal hom 'n pilaar in die Tempel van My Elohey maak, [1 ShemuEl 2:8] en hy sal daar nooit weer uitgaan nie; en Ek sal op hom die Naam van My Elohey skrywe en die naam van die Stad van My Elohey, van die nuwe Jerusalem, wat uit die Hemele van My Elohey neerdaal, en My nuwe Naam. [JeshaJaH 61:3]

13 Wie 'n oor het, laat hom hoor wat die **Gees aan die gemeentes sê**.

## Mattheus 24

21 Want dan sal daar groot verdrukking wees soos daar van die begin van die wêreld af **tot nou toe nie gewees het en ook nooit sal wees nie.**

22 En as daardie dae nie verkort was nie, sou geen vlees gered word nie; maar ter wille van die uitverkorenes **sal daardie dae verkort word**.

23 As iemand dán vir julle sê: Kyk, hier is die Gesalfde! of: Daar! - **moet dit nie glo nie**.